**24 Mei** **Skrifgedeelte: Lukas 24:44-49**
**Fokusgedeelte: Lukas 24:46-47**

**Bekering en vergewing in die Naam van die Opgestane!**

Jesus het nie vir Homself, dit wil sê ter wille van sy eie behoud, uit die dood opgestaan nie! Ná sy opstanding keer Hy terug na sy dissipels. Pas nadat Hy die sonde en die vyandigheid van die wêreld teen Hom oorwin het, wend Hy Hom tot hulle (wat Hom in sy dood verlaat het) om die ontvouing van God se heilsplan volgens die Skrifte (OT) aan te kondig. Hierdie liefdevolle toewyding van Christus vind sy spitspunt in die *vergewing* van sonde! Trouens, sy opstanding is die bewys, die “kwitansie” dat Hy ten volle vir die sondeskuld van die mensdom betaal hét, en dat die vrug van sy kruisdood, naamlik die vergewing, nou geldig is! Deur sy opstanding het die sonde ’n “nietige” geword, ’n oorwonne en verslane vyand! Dit verkondig Hy nou aan sy dissipels en húlle (en ons) moet dit al verder en wyer verkondig!

Vergifnis gaan egter altyd hand aan hand met *bekering*, nie as *voorwaarde* vir vergifnis nie, maar as die “weg” waarop vergewing ontvang word. Vergifnis is wel gratis en verniet, maar nooit goedkoop nie! Die rede is dat die enigste Een wat waarlik kan vergewe, dié Een is wat sy wonde kan wys! Is dit nie ’n heerlike boodskap van genade wat ons hoor en moet láát hoor, in ’n wêreld vol onverbiddelike eise van eie prestasie nie?!

*Sing: Psalm 32:1 (Cloete-beryming)* *Ds. HC van Rooy (Port Elizabeth)*